NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH

Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

18 Maart 2008

Liewe susters en broers

TERUGVOERING OOR DIE KONSULTASIEPROSES TOV HERKHERENIGING

Die Moderamen van die Algemene Sinode het tydens die vergadering van 17-18 Maart 2008 die omvattende terugvoer van gemeentes oor kerkhereniging indringend bespreek.

Ons het gehoor baie lidmate dink en worstel op ‘n geestelike vlak oor die saak van kerkeenheid. Die Bybelse eise én beloftes kom in lidmate en gemeentes se terugvoering na vore. Die rol van gebed word ook beklemtoon. Ons sal daarom die saak van kerkhereniging steeds dieper Bybels-teologies verantwoord en met ons gemeentes verder daaroor gesels.

‘n Hele aantal lidmate het ‘n onrustigheid oor die konsultasieproses gehad. Die besluite oor kerkhereniging van die afgelope dekades was vir sommige ‘n verrassing, omdat dit volgens hulle ervaring nie tot op voetsoolvlak deurgegee is nie. Sommige het die besluite kompleks, moeilik verstaanbaar en vatbaar vir verskillende interpretasies ervaar.

Ons besef dat die proses vir baie lidmate lomp was en ons is jammer daaroor. Ons waardeer dus die geduld en samewerking van lidmate en gemeentes, veral in ‘n tyd waar daar baie ander sake in ons lande en die kerk is wat ’n negatiewe impak op verhoudinge het.

Ons waardeer dit dat lidmate die bou van verhoudinge en samewerking in die NG Kerkfamilie as ‘n hoë prioriteit sien. Gesamentlike projekte vir die uitdagings waarvoor ons kerke en ons lande te staan kom, sal dus hoog op die agenda bly.

Ons het gehoor dat baie gemeentes en lidmate dink die huidige drie belydenisskrifte is genoegsaam, én dat hulle nie geneë is om die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif te aanvaar nie. Daar is ook by lidmate en gemeentes begrip vir die besondere teologiese waarde en sentiment wat die Belydenis van Belhar vir die VGKSA, en vir sommige predikante en lidmate van die NG Kerk, het. Ons oordeel daarom dat enige toekomstige hantering van die Belydenis van Belhar beide standpunte, dié vir en dié teen Belhar, moet respekteer.

Dit is duidelik uit die konsultasie dat die voorgestelde model van kerkhereniging nie ongekwalifiseerd aanvaarbaar is nie. Ons sal daarom op verskillende vlakke in die

kerk (gemeentes, ringe en sinodes) saam soek, in die lig van die Bybelse eis tot eenheid, oor watter strukture eenheid die beste kan dien.

Die terugvoering van die gemeentes van die NG Kerk uit die konsultasieproses, sowel as die mandaat van die Algemene Sinode 2007, vorm nou die basis waarmee die Moderamen verder met die res van die familie van NG Kerke die wil van die Here sal onderskei en onderhandel. Die verdere konkrete voorstelle uit dié proses, ook oor sake waaroor daar nog uitklaring gesoek word, sal weer aan gemeentes deurgegee word vir kommentaar, meelewing en voorbidding.

Ons sal deursigtig en duidelik bly kommunikeer, terwyl ons saam met al ons lidmate en die familie van NG Kerke die wil van die Here vir kerkhereniging onderskei.

Dankie dat die Moderamen kan staatmaak op elke gemeente en lidmaat se voorbidding vir ons kerk en vir elkeen van die ander kerke in die NG Kerkfamilie.

’n Geseënde Paasfees toegebid!

Vriendelike groete



Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris van die NG Kerk

Namens die Moderamen: Kemptonpark: 18 Maart 2008